Ges. 125 : 1, 2.
Ges. 117 : 1, 6.
" 128 : 5.

## Die Eerste Kruiswoord.

L. | Potch K. 19 Febr. 56

Matt. 5 : 43-48
Luk. 23 : 33-46.

Luk. 23 : 34 – En Jesus sê : Vader, vergeef hulle, want hulle weet nie wat hulle doen nie.

Tydens ons lydensprediking verlede jaar het ons by 'n oggenddiens hierdie sewende Kruiswoord behandel en toe daarop gewys dat hierdie laaste woorde van Jesus met biddende aandag en heilige eerbied betrag moet word. In die 6 ure wat Jesus aan d. kruis hang kom daar net 7 maal 'n woord van sy lippe : al 7 gekenmerk deur hulle kortheid, beslistheid en heerlikheid. In sy „De Man van Smarten" sê C. J. Hoekendyk dat hd. 7 Kr.woorde is soos d. 7 basuinstote wat d. priesters moes gee om Jerigo se mure te laat omkantel sodat die volk d. land Kanaän kan binnegaan. // Sonder hd. 7 woorde was d. hemelse Kanaän vir ons, sondaars, vir ewig gesluit. //

Ons wil nie nou dieselfde veld dek as in d. lydenst. van verlede jaar nie maar waar ons d. volg. 7 Sondae by hd. 7 woorde gaan stilstaan wil ons graag nou eers as inleiding wys op : I Die Omstandighede waaronder Jesus die eerste (en ook d. ander) Kruiswoorde uitspreek II Die Inhoud v. hd. Wd. en III Die Verhoring v hd. Wd.

### I Die Omstandighede waaronder hd. Wd gespreek word:

Die lang stoet nader stadig d. heuwel van teregstelling, Golgotha – of in Latyns „Calvarius" = hoofskedel. Waarom so genoem weet niemand nie. Twee teorieë : a) welbekende plek van teregstelling van boosdoeners – skopkene daar rondgelê b) vorm v.d. heuwel die van 'n skedel. Waar presies dit was, nie meer bekend – d. plek v/d alvoor aangewys buite Jerus. bloot raaisel.

Dan volg d. Kruisiging – die wreedste vorm van pyniging en sterwe wat ooit uit die duiwelse brein v.d. mens tevoorskyn gekom het. Heelw. deur die Phariseërs hier 1e maal toegepas, deur Romeine oorgeneem (Egiptenare dit ook beoefen: net hande & voete vasgebind ipv. gespyker).

Kruishout uis op grond gelê: dan d. bord met die opskrif bo-aan d. kruis vasgespyker. Dan d. kruiseling (klere uit) op kruishout gelê – sy arms uitgestrek en d. punt van 'n groot ysternael dwarsdeur d. handpalms i/d hout vasgespyker. Dna deur elke voet of soms d. een voet bo d. ander – die spykernaels uiegedryme deur d. kleis. Of d. lydende kruiseling ook nog vasgebind is weet ons nie – maar wat ons wel weet is dat in middel v.d. kruis, 'n uitstaande ^daarhout aangebring wat deels as stut gedien het om d. liggaam te ondersteun.

Heelw. op hd. oomblik dat Jesus hd. hartverskeurende, aangrypende gebed tot sy Vader opgestuur het te midde v.d. uiste wrede en kloppende pyn wat hy moes ondergaan.

Dan d. kruishout deur sterk hande opgelig en vasgeplant met d. voete v.d. slagoffer 'n klein entjie bokant d. grond – binne bereik van elke hand wat wou slaan, elke bespotting wat uitgespreek word.

Vir ure sou d. veroordeeldes daar hang: d. verskriklikste ^ligg. pyne verduur: want d. kruisdood het al d. folteringe ingesluit wat alle vorms v. dood uitmaak: duiseligheid, krampe, vretende pyn deur d. hele liggaam, koorsigheid, d. wrede foltering v. onverpleegde wonde, verskeurde spiere en bo al die dors – brandende, toenemende, skreeuende dors totdat na ure v. onbeskryflike lyding die dood uiteindelik intree as 'n genadige verlossing, heerlike bevryding!

III Die Verhoring v.d. Gebed. Is die gebed verhoor? JA:
Kan nie anders: Jesus altyd gebid na d. hart + d. wil v.d. Vader (Joh. 11:41-42: „Vader, Ek dank U dat U My verhoor het; en Ek het geweet dat U My altyd verhoor, maar terwille v.d. skare wat rondom staan het Ek dit gesê, sodat hulle kan glo dat U My gestuur het" // Ook hd. gebed op Galgotha is verhoor — soos al Xt. se ander gebede: behalwe een gebed wat nog nie verhoor is nie, maar ook eendag verhoor sal word: die gebed om d. eenheid van Sy dissipels.
Hoe verhoor? ① Skare wat v Galgotha terugkeer staande op hulle borste! ② Hoofman oor 100 wat uitroep:– ③ Sewe weke later 3000 wat uitroep: „Wat moet ons doen, manne broeders?" — Onder hulle seker dié wat op Galgotha gestaan + Jesus se gebed gehoor het ④ Gemeente in Jerusalem + Kerk in Palestina as verhoring v.d. gebed! ⑤ Kerk v Xt. deur d. eeue!
⑥ Waar vyande v vergeving word!
→ Hd. eerste Kruiswd: ① 'n Wonderlike troos: Vir almal wat nie weet hoe lank + hoe skerp saamgespot, saamgestry het teen Jx. en sy ryk: God vergewe omdat-! Maar dan nie v moet teen d. H.G. — bv. Judas:

② 'n Duidelike bevel: Vir almal wat Jx erken en bely dat hulle ook so moet bid, nie anders mag bid: „Seën dié wat vir julle vervloek, doen goed aan die wat vir julle haat, en bid vir dié wat julle beledig en julle vervolg" En wat self soveel vergifnis ontvang het, sal met blymoedigheid meer dies. vergifnis skenk!
Wie dit nie kan doen nie, kan ook nie die „Onse Vader" bid nie. „Vergeef ons…" En wie dit nie kan bid nie, kan glad nie bid nie!